AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Voltydse dosent:*
# OPVOEDKUNDESTUDIES

PAARL

Akademia is ŉ Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2027 twee voltydse poste op die Paarl-kampus beskikbaar vir dosente in die Departement Opvoedkundestudies in die Fakulteit Opvoedkunde.

## POSDOELSTELLING

ŉ Dosent is daarvoor verantwoordelik om gehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog geag. ŉ Dosent streef daarna om as leier in ŉ vakgebied erken te word en streef verdieping in alle klasaanbiedinge na.

## VERANTWOORDELIKHEDE

- voorbereiding en dosering van die moduleinhoud
- kurrikulumontwikkeling
- navorsing op vakgebied ter ondersteuning van onderrig en leer, en professionele ontwikkeling
- opstel van assesseringsaktiwiteite in ŉ kontak- en afstands-leeromgewing
- akademiese gemeenskapsdeelname
- lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente

## POSVEREISTES

- ŉ professionele onderwyskwalifikasie in BEd (Grondslagfase-onderwys) of BEd (Intermediêre Fase-onderwys).
- ŉ meestersgraad in Opvoedkunde of verwante dissipline
- kundigheid en ervaring in Lewensvaardighede en/of Opvoedkundige Sielkunde en/of Inklusiewe Onderwys of Kurrikulumstudies en/of Algemene Pedagogiek
- onderwyservaring
- hoëronderwyservaring in die onderrig van die genoemde deeldissiplines is ŉ aanbeveling.
- ervaring in versnitte leer (*blended learning*)
- blootstelling aan en vorige gebruik van onderwysmedia

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in ŉ spanverband funksioneer
- inisiatief kan neem
- oplossingsgedrewe
- vermoë om werk onder druk te voltooi
- ŉ Ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou en ŉ liefde vir Afrikaans te hê.

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 24 Augustus 2026 ingedien word.** Stuur ŉ e-pos met jou Afrikaanse CV na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie ŉ aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.